

22 Desember

Geloof in Jesus Christus bring berusting en gee vertroue onder moeilike omstandighede!

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1, 8-19

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:1, 13-16, 39-40

As daar verskriklike trauma, hartseer, probleme in jou lewe is, of swaarkry jou tref, kan Satan dit gebruik om jou in jou geloof te laat twyfel. Om die geloof te bly behou, is nie altyd so maklik nie, en nogtans sê Paulus in Hebreërs 10:39 – “Maar ons is nie van die wat terugdeins en verlore gaan nie; nee, ons glo en ons sal lewe.” Daarom word in Hebreërs 11 ’n breë opsomming gegee van gelowiges uit die Ou Testament, wat nie perfekte gelowiges was nie, maar wat onder *alle omstandighede* deur God begenadig is om die geloof te bly behou.

Wat is geloof? Ware, Bybelse, Christelike geloof is nie ’n blinde optimisme of ’n aanmekeer geflanste “*ek hoop dit gaan gebeur*”-gevoel nie. Geloof is ook nie ’n bloot “*kennis-vlak*” van die Bybel nie. Bybelse geloof is ’n *gewisse kennis en vertroue* op die Woord van God TEN SPYTE VAN wat ook al in die lewe gebeur. Die Hebreërskrywer wys ons op die geloof as drywende krag, wat tot gehoorsaamheid aan God lei, volharding in die geloof in God, tot goeie werke.

Ware geloof laat jou doen wat God wil (Heb 11:11-19). Abraham het menslikerwys alle rede gehad om in die geloof te verflou of selfs op te hou glo, omdat die beloftes van God so lank geneem het om in vervulling te gaan. Maar hy het bly glo. Die klem in hierdie gedeelte lê in die beloftes van God en sy planne met die volk Israel. Om te wag, is een van die moeilikste geloofsdade. En tog moet ons wag op God se tyd en die vervulling van sy beloftes op sy tyd. Dit is ware geloof, om te wag op God se tyd en sy gedagtes en sy Raadsplan.

Maar ... terwyl gelowiges wag, moet hulle ook gehoorsaam wees.

- Abraham was gehoorsaam, alhoewel hy nie presies geweet het waarheen hy gaan nie (Heb 11:8-10).
- Abraham was gehoorsaam, alhoewel hy nie geweet het hoe God se belofte in vervulling sou gaan nie (Heb 11:11-12).
- Abraham het geglo en was gehoorsaam aan God reeds toe hy nie geweet het wanneer God sy beloftes sou vervul nie (Heb 11:13-16).
- Abraham was gehoorsaam aan God in die geloof, selfs toe hy nie geweet het wat God se bedoeling was nie (Heb 11:17-19).

As God hulle bewaar het en aan hulle die geloof geskenk het, dink hoeveel te meer is ons bevoorreg in die sin dat ons die Woord het, dat ons die Heilige Gees self as Trooster het, dat ons verlos is en in Jesus Christus die beloftes vir ons waar en sigbaar geword het. Daarom kan ons as kerk van die Here nie anders nie as om dankbaar te wees vir alles wat ons deur Christus verkry het. Daarom is daar ook ’n vaste, sekere hoop dat ons bewaar sal bly totdat ons die volkome vreugde in die hemel sal ontvang.

Sing: Psalm 31:15, 17 (1936)

Ds. Gerrit Kruger (Centurion)